



Die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging
(SASV)

Bulletin 5A

2015/1

Trompetters, Troetelduiwe & Swallows


Hierdie groep duiwe kom gereedlik deur Suid Afrika voor en bestaan hoofsaaklik uit die Engelse Trompetter, Bokhara Trompetter, Suid Afrikaanse Troetelduif, Fairy Swallow en die Silician Swallow. Veerpote is kenmerkend aan al hierdie duiwe, terwyl elke ras sy eie kenmerke vertoon. Die duiwe broei taamlik maklik, maar gedurende die broeiseisoen moet die lang vere op die pote korter geknip word sodat die eiers nie uit die nes geskop word nie. Gedurende die skouseisoen moet hierdie duiwe met die nodige sorg hanteer word sodat die voet vere nie beskadig word nie.

SA Troetelduif



Die troetelduif se lyf is redelik lank en wigvormig en die duif vorm 'n gehurkte houding. Die kop is effens gerond, die voorkop is breed en prominent, wyd by die agterkop om 'n goeie basis vir die kappie te gee. Die kappie is so hoog en wyd as moontlik, met 'n digte maan waar dit aansluit by die nek. Die kappie strek van oor tot oor en eindig in 'n duidelik roset aan elke kant. Die oogkleur is vals pèrel en die bek is redelik lank en dun.

Engelse Trompetter



Die lyf van die Engelse Trompetter is wigvormig, kort met 'n plat rug (hartvormig). Die bors is prominent, vol en breed. Die vlerkpunte mag nie kruis by die punte nie en eindig 18mm vanaf die stertpunt. Die bo-kop is vol en breed, plat bo-op en wig of eivormig van voor gesien. Die klossieagtige kuif op die kop steek vorentoe uit en vorm 'n boog oor die neusvratte. Die skulpvormige kuif strek van oor tot oor en eindig in opvallende rosette. Die oog het 'n oranje kleur behalwe by wit duiwe wat 'n donker oog het. Die lyf vorm 'n hoek van 25° met die grond.


Bokhara Trompetter






Die Bokhara Trompetter is redelik groot gebou, die lyf is breed, die nek is kort en die duif moet 'n hurkende vorm hê. Die lyf word byna horisontaal gedra met breë skouers. Die kroon van vere in 'n perfekte sirkel, word op die voorkant van die kop aangetref, bedek die oë en bek en raak aan die kappie. Die kappie is waaivormig en strek van oor tot oor, is hoog en die agterkant sluit aan by die agterkant van die nek. Die voetvere is so lank en dig moontlik, dit vertoon 'n sirkelvorm en die agterste voetvere ontmoet die hakvere naby die stert.



Die lyf van die Swallow is blokvormig, die bors is wyd, diep en ietwat opvallend. Die rug is breed, met 'n gelykmatige afhelling na die stert met 'n duidelike hartvormige patroon van wit vere. Die bek is 22mm lank, die bo bek se kleur is bypassend tot die kleur van die duif, terwyl die onderbek vleeskleurig is. Die duif het 'n skulpvormige kappie wat eindig in rosette weerskante van die kop. Die vere aan die pote is 100-120mm lank. Die kol voor die kop is so groot soos 'n pinkie nael.



Die Silician Swallow is identies aan die Fairy Swallow, maar het net 'n gladde kop. Die Swallows kom in 'n groot verskeidenheid kleure voor, waaronder soliede kleure, gebalk, wit gebalk, getygerd en "spangled". Die balke moet 6,3-9,5mm breed wees en moet nie meer as 3mm wyd wees aan die agterkant nie. Die "spangled" kleur vertoon wit driehoek merkies oor die dwarste van die vlerk met 'n wit balk naby die vlerkpenvere. By swart en dun "spangled" kom wit merkies op die vlerkpenvere voor.



www.safpa.za.org

Trompetter & Troetelduif Klub

President: Gert Venter
076 5465613

Sekretaris: Wikus van Niekerk
012 653 7105
vanniekerkwikus@gmail.com

SA Skaarsras Klub

President: Chris van der Walt
082 3787447
plackers@wol.co.za
Sekretaris: At van Jaarsveld
082 3681214
atvanjaarsveld@gmail.com